e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 Februarie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 3

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- AS Geyser Gedenklesing
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die spel van die lewe

By alle tydmerkers soos geboortes, verjaardae, mondigwordings, huwelike, aftredes, sterftes en jaarwisselings, is daar by die vreugde of hartseer ook 'n vlietende spyt oor dinge wat was en nou verby is, of kon gewees het en nooit was nie. Ingebed in ons grootste vreugde lê 'n onderbewuste angstigheid wanneer ons aanvoel hoe Raka roer in die slyk.

Ons dink aan dinge wat ons reg of verkeerd gedoen het, en staan in die skuld by die dinge wat ons nagelaat het. Ons dink aan hoogtepunte in die tyd wat verby is, en vind dat dit meestal te doen het met take wat suksesvol afgehandel is; met die bereik van `n ideaal; met mense wat ons lewens verryk het.

Die verloop van 'n jaar is 'n goeie analogie vir die verloop van die lewe. 'n Nuwe jaar begin mos vol geleenthede. Dis asof al die dae van die nuwe jaar hulle gelyk aanbied as hokkies wat gevul moet word met die sukses wat ons voorsien en nastreef en vir onsself toewens. Net so kyk jongmense vooruit na jaarhokkies waarin hulle kennis kan opdoen en hulle kan bekwaam om dit te doen wat hulle begeer of waarvoor hulle kans sien.

Maar dan begin die jaar en gou-gou blyk dit dat dit nie sommer vir pluk en vat is nie. Geld groei nie aan bome nie; gebraaide hoenders vlieg nie onder ons neuse verby, gereed vir gryp en eet nie. Kortom, sukses is nie gewaarborg nie. Want die tweede wet van termodinamika blyk alte waar te wees – alles neig na chaos, of, soos Murphy sê, as iets *kan* verkeerd gaan, *sal* dit.

Nou ja, as dit maklik was, was sukses nie sukses nie. Daar is hindernisse wat oorkom moet word. In die rolprent *Instinct* vra die karakter wat gespeel word deur Anthony Hopkins vir Cuba Gooding Jr: *What did you lose?* Terwyl sy suurstof afgesny word en sy nek gevaar staan om gebreek te word, kom hy by die antwoord uit: *I lost my illusions.*

In aanskyn van die werklikheid verloor ons vinnig ons illusie dat alles maklik en eenvoudig moet verloop. Die lewe is 'n spel wat jou vindingrykheid en uithouvermoë en die staal van jou karakter soms tot die uiterste beproef. In hierdie spel het jy nie die luuksheid om te sê *Ek gaan verby* nie. Maar wanneer jy speel, kom jy agter dat daar middele is, en geleenthede, wat jy voorheen nie raakgesien het nie. Die lewe is 'n eksistensiële avontuur. Momente van besinning, soos by die jaarwisseling, verskaf opnuut geleentheid om die spelers en die spel in perspektief te plaas, en te verstaan dat ons maar een geleentheid het om die spel van die lewe te speel.

Ons is dit aan God verskuldig om voluit en met oorgawe saam te speel.

Dr Piet van Staden
Stellenbosch/Worcester



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

AS GEYSER GEDENKLESING

Vir die universiteitswese reg oor die wêreld is internasionale skakeling met ander universiteite belangrik, en gemik op die uitruil van kennis en wedersydse stimulering ten opsigte van navorsing. Die Universiteit van Pretoria neem deel aan hierdie uitruil van kennis en wedersydse beïnvloeding onder andere deur die daarstel van gedenklesings waartoe wetenskaplikes met internasionale erkenning genooi word om voordragte te lewer.

In die lig hiervan het die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit onder leiding van die Departementshoof, prof GJ Steyn, besluit om die AS Geyser Gedenklesing in te stel. Die keuse het op prof Geyser geval op grond van sy navorsing wat internasionale erkenning geniet het in ’n tyd toe min Suid-Afrikaanse teoloë internasionaal vir hul navorsing en bydrae tot ’n bepaalde vakgebied erkenning ontvang het. Die Hervormde Kerk kan trots daarop wees dat juis prof Geyser gekies is as die teoloog waarna die gedenklesing vernoem is, gesien in die lig van die statuur van vorige en huidige Nuwe-Testamentici wat aan die Departement verbonde was en is.

Met die instelling van die eerste AS Geyser Gedenklesing op 17 Februarie 2014 het die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap en die Fakulteit Teologie van UP hulde gebring aan ’n internasionaal erkende teoloog. Prof JA Loader van die Universiteit van Wenen is genooi om as spreker op te tree. Dr WA Dreyer, Hervormde kerkhistorikus aan UP, het by die geleentheid ’n kort historiese agtergrond van prof Geyser gebied. Belangstellendes van verskillende kerke en universiteite in Suid-Afrika en ook vanuit Europa was teenwoordig.

Dr Wim Dreyer aan die woord

Albertus Stephanus Geyser het sy BD-graad in 1941 behaal en sy MA-graad in Grieks en Latyn in 1943. Hy is in 1941 in Heilbron as predikant georden. Op 27-jarige ouderdom word hy in 1946 lektor en in dieselfde jaar professor in Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan UP. Hy is die opvolger van die eerste Nuwe-Testamentikus met die oprigting van die Fakulteit Teologie in 1917 aan UP, te wete prof JHJA Greyvenstein.

Prof Jimmie Loader

In 1955 was hy en die Hervormde kerkhistorikus prof SP Engelbrecht onder die 13 Afrikaanssprekende akademici wat ’n beswaarskrif opgestel het teen die “verwydering” van bruin mense van die algemene kiesersrol. In 1960 het hy sy beswaar teen die Bybels-teologiese regverdiging van apartheid in sowel die Nederduitsch Hervormde Kerk as die NG Kerk op skrif gestel, naamlik in die *HTS Teologiese Studies* en in die boek *Vertraagde aksie*, waarvan hy mede-outeur was.

In September 1961 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA met ’n formele klag van dwaalleer teen prof Geyser begin. Die klag het as kern gehad dat prof Geyser op grond van sy eksegese van Filippense 2: 5-11 die Godheid van Jesus Christus nie onvoorwaardelik sou aanvaar nie.

Prof Geyser se versoek dat ’n onafhanklike eksegeet van internasionale erkenning as getuie behoort op te tree, is van die hand gewys. Een Hervormde student, destyds besig met doktorale studie in Nederland en Princeton, André Dreyer, het ten gunste van prof Geyser getuienis per skrif gelewer.

Tydens die kerklike verhoor het prof Geyser 23 keer verklaar dat hy onvoorwaardelik die belydenisskrifte van die Kerk aanvaar. Eksegetiese studies toon dat sy interpretasie van Filippense 2: 5-11 in lyn was met sy interpretasie van Romeine 1: 3-4 en dat hierdie Skrifgedeeltes nie uitsprake oor die Triniteit is nie. Prof Geyser het reeds in 1946 in die *HTS* hieroor gepubliseer. Hierdie eksegetiese insigte word deur die hoofstroom van Bybelwetenskaplikes wêreldwyd gedeel. In latere jare het prof ES Mulder, dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan UP, verklaar dat die Kerk nie aanvaarbare eksegetiese insigte met die klaghantering openbaar het nie.

Prof Geyser is op 4 April 1962 skuldig bevind aan dwaalleer en sy predikantstatus is hom ontneem. Prof Geyser het appèl aangeteken. Op vergunning van die regter het die NHKA met prof Geyser geskik en is die skikking 'n bevel van die hof gemaak. In opdrag van die regter moes die Kerk prof Geyser se predikantsampsvoorregte herstel soos vóór die klag, wat in effek sê dat prof Geyser se skuldigbevinding aan kettery v*an meet af aan* nietig was. Die Kommissie van die AKV het dit so uitgevoer. Dit beteken dus dat hy nooit aan dwaalleer skuldig was nie.

Nadat hy in 1962 die pos as professor in Godgeleerdheid aan die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar het, het hy self in 1963 as predikant van die NHKA bedank. Hy het egter eers in 1968 as lidmaat bedank.

Prof Geyser se laaste wens is vervul en hy is met sy dood in 1985 uit die Hervormde Kerk begrawe.

(Daar word tans 'n reeks artikels wat saam 'n studie deur dr Daan van Wyk sr uitmaak oor ds AJG Oosthuizen geplaas by **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek. Daarin is onder meer ook inligting vervat oor prof AS Geyser.)

Gemeentes moet asseblief daarop let dat SENTIK se boekwinkel op Maandag 3 en Dinsdag 4 Maart gesluit sal wees vir voorrraadopname. Geen oproepe sal dan beantwoord word nie, geen pakkies sal afgehaal kan word nie, en geen personeel sal beskikbaar wees nie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroepe ontvang

- **Dr BJ (Barry) van Wyk** (emeritus) na Waterberg (deeltyds)
- **Prof JD (John) Gericke** (emeritus) na Setlaars (deeltyds)
- **Ds PJ (Pierre) Jacobs (sr)** (beroepafwagtend) na Outeniqua (deeltyds)
- **Prop PWB (Pierre) Britz** (beroepafwagtend) na Delareyville

Dr Barry van Wyk

Prof John Gericke

Ds Pierre Jacobs

Prop Pierre Britz

Beroep aanvaar

- **Prof JD (John) Gericke** (emeritus) na Setlaars (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Baie geluk aan **ds Stephen en dr Sanrie de Beer** wie se dogter, Daleen, 'n babaseun ryker geword het!

- Die **Fakulteit Teologie** van die Universiteit van Pretoria is op Maandag 17 Februarie amptelik geopen. Dit het gepaardgegaan met 'n huldeblyk aan **prof James Alfred Loader** vir sy akademiese bydrae oor baie jare. 'n Spesiale feesbundel van die *HTS* is ook aan prof Loader oorhandig, waarna hy die AS Geyser Gedenklesing gelewer het. Daar is vanjaar **ses nuwe eerstejaar teologiestudente** aan UP. Op die foto hiernaas is prof Kobus Kok, dr Wim Dreyer, proff Gert Steyn, Jimmie Loader, Andries van Aarde en Johan Buitendag.

Prof Jimmie Loader en kollegas

- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** is op Woensdag 19 Februarie amptelik geopen. Prof Andries van Aarde het die erediens gelei, met die tema *Met integriteit in die voetspore van Jesus.* Die openingsrede deur dr Wim Dreyer het gehandel oor *Ons uitdaging: om met integriteit kerk te wees.* Die volledige teks is beskikbaar

12 van die 13 finalejaar teologiestudente

by **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek. Prof Johan Buitendag, dekaan van die Fakulteit, het twee pryse aan die finalejaarstudent Joleen Joubert, dogter van ds Henk Joubert van Welgelegen-Pietersburg, oorhandig, vir Beste MDiv 1-student in Praktiese Teologie, en vir Beste MDiv 1-student in Ou-Testamentiese Wetenskap. Daar is vanjaar **13 finalejaar teologiestudente**. Hulle is Dolf Bester, Kristy van der Merwe, Hennie Engelbrecht, Lilian Erasmus, Albert Faurie, Leon Geel, Joleen Joubert, Elmien Knoetze, Henk Labuschagne, Retha Lombard, Carli Smit, Marsulize van Niekerk en Robert van Niekerk. (Albert Faurie was nie teenwoordig met die neem van die foto nie.) Die verrigtinge is opgevolg met 'n tafelgesprek onder leiding van prof Yolanda Dreyer oor *Die vermoë om met veerkragtigheid vanuit n traumatiese situasie vorentoe te gaan.*

- Gelowiges in die Christelike tradisie glo dat **die Bybel God se Woord** is, en daarom die riglyn is vir 'n verantwoordelike lewe voor God. Met hierdie stelling sal ons almal saamstem. Wanneer dit egter kom by die vraag oor *hoe* die Bybel as God se Woord inhoud gee aan 'n verantwoordelike lewe voor God, loop die paaie uiteen. Die rede hiervoor is eenvoudig: Ons almal lees die Bybel nie op dieselfde manier nie. Sommige gelowiges lees die Bybel letterlik, terwyl ander weer van oordeel is dat die Bybel krities gelees moet word om die boodskap wat dit oordra te verstaan. Wat behels hierdie verskillende wyses van die lees van die Bybel, en wat kan as 'n verantwoordelike wyse van die lees van die Bybel beskou word? Meer nog: Hoe lees Hervormers nog al die jare die Bybel? Indien u meer hieroor wil lees, volg gerus die volgende skakel na 'n **interessante artikel** in hierdie verband: **http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/viewFile/82/78**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Die regte kommunikasietegniek is belangrik om die beste hoor en luister by ouer persone wat moontlik gehoorverlies ervaar, moontlik te maak. Praat teen 'n gemaklike tempo, effens harder as normaalweg, maar moenie skree nie. Probeer om woorde duidelik uit te spreek, maar moenie oordryf nie. Kyk na die persoon wanneer jy praat. Moenie jou hand of iets anders voor jou mond hou, eet of kou terwyl jy praat nie. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Die Moderamen het op Vrydag 14 Februarie daarvan kennis geneem dat die volgende **predikante die afgelope tyd bedank het**: Di DA van Rooyen, A Nieuwhof, AJ Scholtz, JP van Greunen, WH Barnard, HF Gothan en MM de Kock. Die Kommissie van die AKV sal die sake by hul vergadering in Maart afhandel.

- **Litigasie** tussen die Kerk en diegene wat van die Kerk afgeskei het, is onderworpe aan die gewone regsprosesse en gaan steeds voort. Daar was ongelukkig ook gevalle waar mense onregmatig en bedrieglik opgetree het, en sulke gevalle word by die polisie aangemeld. Die Kerk is baie dankbaar vir 'n toegewyde regspan wat die Kerk met betrekking tot die kostes tegemoetkom. ***Geen* sinodale heffings** word vir die litigasieproses gebruik nie, en die litigasiekoste word vanuit 'n historiese kapitaalfonds gedelg. Die 70ste AKV het ook besluit dat lidmate en gemeentes bydraes tot die litigasieproses kan maak deur die administrateur, mnr Elmar Struwig, te kontak.

- Die **afskeiding te Heilbron** is met groot hartseer en drama afgehandel. Lidmate van die NHKA in die omgewing kan steeds inskakel by die NHKA se Gemeente Heilbron. Eredienste word gehou in die gemeente se kerkgebou op die hoek van Nicol- en Stoffel Nelstraat, Heilbron. Die ouderlingevergadering sal toesien dat die evangelie gereeld en suiwer verkondig word.

- Gemeentes word herinner aan die besluit van die AKV dat die erediensoffergawes **(deurkollektes) van Hervormingsondag** jaarliks aan die **Bybelgenootskap van SA** oorbetaal word. Gemeentes wat reeds die kollektes van 27 Oktober 2013 oorbetaal het, word van harte bedank. Gemeentes wat dit nog nie gedoen het nie, word vriendelik versoek om dit asseblief voor die einde van die Kerk se

finansiële jaar **(28 Februarie 2014)** te doen. Gemeentes word ook herinner aan die bydraemikpunt van **R40** per belydende lidmaat vir die 2014 boekjaar van die Bybelgenootskap (1 November 2013 tot 31 Oktober 2014) – bereken aan die hand van die getalle van die gemeentetelling van Augustus 2013.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg: "**Die laaste Sondag vóór die Lydenstyd (*Estomihi*) is vanjaar op 2 Maart.** Die naam van hierdie Sondag word geneem uit die eerste woorde van die Latynse weergawe van Psalm 31:3b: *Wees vir my 'n rots om na toe te vlug...* Hierdie teks kan as votum gebruik word. Die tema van die dag het te make met Jesus se aankondiging van sy lydensweg en sy oproep om navolging (Mark 8: 31-38). 'n Teks soos Amos 5: 21-24 bied 'n belangrike Ou-Testamentiese perspektief op navolging en toewyding. Die gemeente kan daarop gewys word dat die Lydenstyd op Woensdag 5 Maart begin. Hierdie dag staan bekend as Aswoensdag. In verskeie kerke word hierdie dag (en die volgende dae) met die gedagte van vas verbind – 'n praktyk wat lyding en navolging beklemtoon. In Gesang 378: 1 en 3 het ons te make met die twee aspekte wat aandag moet geniet. Ander liedere wat gebruik kan word, is Psalm 31 en Gesange 505 en 511."

- Na afloop van die 70ste AKV en die implementering van die nuwe Kerkorde, maak gemeentes steeds gebruik van die ou beroepsbriewe. Die **gewysigde beroepsbriewe** (in lyn gebring met die besluite van die AKV) is by die kantoor van dr Frikkie Labuschagne beskikbaar, by **karen@nhk.co.za**.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Noord-Kaapland** vind plaas op Saterdag 15 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Vaalharts in Hartswater.

- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

- Die **Ondersteuningsraad** voorsien tans 'n gedeeltelike studiebeurs aan 'n behoeftige Hervormde lidmaat wat **maatskaplike werk** studeer. Die omstandighede is sodanig dat die ouers geen finansiële bydrae tot haar studies, losies, etes, boekegeld of sakgeld kan maak nie. Die Ondersteuningsraad verneem graag of daar nie lidmate is wat bereid is om **die student se losiesgeld van R1 800 per maand te borg** nie. Enigeen wat bereid is om by hierdie aangeleentheid betrokke te raak, kan mev Mariaan Steenkamp kontak by 012 322 8885 x290. Baie dankie aan die leraar wat reeds die losies vir Februarie 2014 vereffen het. U positiewe gesindheid om hierdie student in staat te stel om te kan studeer, word opreg waardeer.

- **VAKATURE BY DIE SINODALE KANTOOR.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk benodig die dienste van 'n IT netwerk- en rekenaaradministrateur.
  Vereistes
  - Matriek.
  - Verdere kwalifikasie of opleiding sal 'n aanbeveling wees.
  - Ten minste 5 jaar ondervinding in Microsoft SBS en Microsoft Exchange.
  - Verskaf algemene IT ondersteuning aan alle gebruikers.
  - Foutopsporing hardeware en sagteware.
  - Skakel met eksterne diensverskaffers.

  Verdere vereistes
  - Pligsgetrouheid.
  - Vermoë om as lid van 'n span te funksioneer.
  - Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.

  Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **21 Februarie 2014**. Aansoeke met 'n CV moet gerig word aan mev J Joubert by **algemeen@nhk.co.za** of per faks na 086 607 7583.

Allegaartjie

“Hoop is soos ’n voël wat die dagbreek aanvoel en versigtig begin sing terwyl dit nog donker is.” (Outeur onbekend)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 20 Februarie:	Ds NJ (Nic) Maré (siekte-emeritaat)
o Sondag 23 Februarie:	Prof WC (Wouter) van Wyk (emeritus) en dr EH (Estelle) Dannhauser (Springs)
o Maandag 24 Februarie:	Dr AG (André) Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin) en ds JH (Jan) Prinsloo (emeritus)
o Dinsdag 25 Februarie:	Di H (Hennie) Aucamp (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (Onverwacht)
o Woensdag 26 Februarie:	Ds M (Monja-Lize) van Belkum (El-Flora)
o Vrydag 28 Februarie:	Di A (Anneline) Geyer (Kempton Park-Oos) en HP (Herman) Meyer (Steelpoort)

Baie geluk ook aan ds A (Aniena) Prinsloo (Klerksdorp Doringkruin) wat eintlik op 29 Februarie verjaar!

Beplande vergaderings

o Donderdag 20 Februarie:	Komitee vir die Herskrywing van die Kerkorde
o Vrydag 21 Februarie:	Raad van Finansies
o Maandag 24 Februarie:	Beurskomitee
o Dinsdag 25 Februarie:	Predikante- en Personeelpensioenfonds
o Donderdag 27 Februarie:	TOIBO
o Vrydag 28 Februarie:	OSR Opleiding

Kursusse en toerusting

- **INLIGTINGS- EN BESPREKINGSVERGADERING VIR RINGSKOMMISSIES**
  Woensdag 26 Februarie vanaf 09:00
  Tema: *Waarderende ondersoek*
  Plek: Gemeente Kempton Park-Oos
  Bring eie Bybels, skryfbehoeftes en verlengingskoorde vir rekenaars
  Koste: R100 per persoon, nie later nie as **21 Februarie** vereffen
  Bankbesonderhede: ABSA, takkode 632005, rekeningnaam Raad van Finansies, rekeningnommer 020000287, verwysing: 26 Februarie + ringnaam/gemeentenaam/voorletters en van in geval van individu (byvoorbeeld *26 Februarie Ring van Heilbron*)
  Stuur bewys van betaling aan Sarie Roux by **kassier@nhk.co.za**
  of faks 086 633 2913
  Navrae aan Karen Breedt by 012 322 8885 x257 / **karen@nhk.co.za**

- **BEKENDSTELLING VAN VONKK-LIEDERE**
  Na aanleiding van die AKV se besluit dat VONKK-liedere op ’n proefbasis in die eredienste gebruik kan word, nooi ons alle gemeentes (predikante, orreliste, eredienswerkgroepe en enige belangstellendes) uit na ’n bekendstelling van VONKK-liedere wat gehou sal word op **Saterdag 8 Maart** van 09:00 tot 13:00 by **Gemeente Pretoria-Oos**. ’n Seleksie uit die VONKK-liedereskat sal bekendgestel word, asook die moontlike gebruik daarvan in eredienste. Daar sal gekyk word na die begeleiding van die liedere en die rol van ’n koor/kantory. Daar sal BAIE saam gesing en geluister word. Na afloop van die geleentheid sal gemeentes ’n goeie

prentjie hê van die rykdom wat in die VONKK-liedere opgesluit lê en hoe dit in die erediens gebruik kan word.

Gemeentes wat nog nie by VONKK ingeskryf is nie, kan die nodige dokumentasie tydens die geleentheid invul, en geheuestokkies met die grepe van opnames van die liedere sal te koop wees. Die koste aan die oggend beloop **R50 per persoon**. Bespreek vroegtydig deur 'n e-pos te stuur na **ptaoos@nhk.co.za**. Meld asseblief die gemeente asook die aantal mense waarvoor gereed gemaak moet word. Vir enige navrae, skakel ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979 (namens NHKA-medewerkers by VONKK).

- **DANIËLKONFERENSIE: 15-16 Maart**
  NG Kerk Leeudoringstad
  Al die kerke van die gemeenskap bied dit saam aan
  Meer inligting by 018 581 2801 / **www.danielmannekonferensie.co.za**

Prof Elsabé Kloppers

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**
  Hierdie Diploma bied 'n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in 'n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by **kloppec@unisa.ac.za** of **elsabekloppers@gmail.com**.

- **PREDIKANTEVERGADERING**
  Woensdag 10 September 2014
  Tema: *Kom ons vertel...*
  Sukkel jy om jou entoesiasme oor die evangelie met passie oor te dra?
  Hoor jou gemeente jou nie meer nie?
  Voel die Bybel soms te dun wanneer jy soek na 'n preek?
  Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees

Beskikbare behuising

- **Beskikbare behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers beskikbaar vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Kampe en toere

- **Besoek Israel van 26 Maart tot 5 April**
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië, die piramides en die sfinks
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Oskar en die pienk tannie**
  Donderdag 27 Februarie om 19:00
  Sandra Prinsloo se eenvrouvertoning
  By Hoërskool Ben Vorster
  Kaartjies R110, R130 en R150
  Bespreek by Maryna Roodt by 015 307 4508 / 083 415 2851
  / **nhkerktzn@mweb.co.za**
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514 / **richard@nhk.co.za**

- **Gemeente Kaapstad: *Somer-Kosfees***
  Vrydag 28 Februarie vanaf 17:00
  Te Tygerberg, ME Rothmanstraat, Parow-Noord
  Navrae aan Johann Smith by 076 326 1322

- **Gemeente Pretoria-Oos: Damesbyeenkoms**
  Saterdag 1 Maart vanaf 09:00
  Tema: *God in die stilte*
  Spreker: Vicky Fourie (Mej Dowe SA)
  In Pretoria-Oos se kerkgebou
  R30 per persoon
  Antwoord asseblief **voor 22 Februarie** by enige van die volgende:
  Kerkkantoor: 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Erasmé Oosthuizen **erasme@cakes.za.net**

Basaars en markte

- **Saterdag 1 Maart: Gemeente Witfield: Herfsfees**
  Wen groot pryse met kaskarresies, modelkompetisie en potjiekoskompetisie
  Veteraanmotorskou, gaskunstenaars en kosstalletjies
  Sluit aand af met ’n Herfsdans
  Stalletjies te huur @ R200 elk
  Navrae aan Alida Reed by **nhkwitfield@gmail.com**

- **Saterdag 1 Maart: Gemeente Sasolburg: Basaar**
  Vanaf 08:30 by Pick n Pay se parkeerterrein
  Oorkant Midas, Sasolburg
  Iets van alles en nog wat
  Trekking van wenners van W*en ’n slagbees*-kompetisie om 12:00
  Navrae aan ds Frans Redelinghuys by 016 976 4222 / **fransred@nhk.co.za**

- **Saterdag 8 Maart: Gemeente Ebenhaézer (Ellisras): BoereRumoer**
  Met Tjiff en Tjaff, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Ricus Nel
  R20 per volwassene en R10 per kind
  Wen ’n Simmentalerstoet, jagpakket, vakansieverblyf en vleis
  Kontak Rita Kern 083 328 4465 / Marian 084 745 1054 / **ritakern1@yahoo.com**

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad Brakpan** benodig dringend **liasseerkabinette**. Indien enigiemand oor kabinette beskik of ’n bydrae hiervoor wil maak, kontak Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 740 9310 gedurende kantoorure.

- Die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** benodig dringend ’n **tweedehandse lessenaar** en **20 plastiekstoele** vir die aanbieding van projekte. Indien iemand hiermee kan help of ’n bydrae kan maak, kontak Ina Grobelaar by 071 684 7865, of skakel die kantoor by 011 953 1200 / 011 952 1197 gedurende kantoorure.

- Die Ondersteuningsraad beskik oor ’n vakature vir ’n **voltydse maatskaplike werker in Pietersburg.** Die minimumvereistes vir die pos is BA(Maatskaplike Werk); registrasie by die Maatskaplike Raad (SACSSP); moet beskik oor ’n geldige bestuurslisensie; en moet Afrikaanssprekend wees. Aansoeke (CV’s) kan gestuur word aan Henriëtte Els (programbestuurder) by 014 717 3589 (faks) / **oraadlimpopo@gmail.com**. Kontak haar by 071 684 7912.

- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend ’n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is ’n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of **hoof@mdup.co.za** vir meer inligting.

- **Saterdag 22 Februarie vanaf 17:00: Sonitusskool Lentefees**
  Jay en Lianie May
  R80 per volwassene/hoërskoolleerder, R40 per laerskoolleerder
  Verskeie uitstallers en verversings (géén eie verversings!) – bring eie stoel
  Kaartjies by 012 800 1161

- Die **Marthie de Bruin-sentrum** is ’n klein skool in die ooste van Pretoria vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes. Hulle maak baie staat op fondsinsamelings. Nicholis Louw het ingestem om gratis vir hulle ’n konsert te hou op **Vrydag 28 Februarie by die Choose Life Centre in Moreletapark**. Daar is ’n paar BBP-kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon, en die res van die kaartjies is gratis! Al wat hulle dan vra, is ’n donasie vir die skool. Koop kaartjies by **www.itickets.co.za**. Donasies kan deur iTicket gekanaliseer word, of tydens die konsert gemaak word. Kontak Marieta Vorster by 082 876 0432 of per e-pos by **marieta.vorster@vodamail.co.za**.

- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
  NG Kerk Moreleta, R300 per persoon
  Kontak **natasha.felix@up.ac.za** of skryf in by
  http://itickets.co.za/events/322183/Pretoria,_Gauteng_GT/Church_Planting_Conference.html
  Sprekers sluit in Alan Hirsh, Debra Hirsch, prof Stefan Paas, Tom Smith, dr Frederick Marais, dr Stephan de Beer, prof Stephan Joubert, prof Nelus Niemandt, dr Wim Dreyer en dr Willem Pretorius

- **Trauma-ondersteuningskamp vir naasbestaandes van geweldslagoffers**
  Datum: 21-23 Maart 2014
  Plek: Paradeisos-kampterrein, ’n halfuur vanaf Pretoria
  Koste: R450 per peroon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Vir meer inligting en inskrywing: Kontak Elize Perrin by 072 600 5809 / **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek wil die span komplimenteer met die *e-Hervormer* en veral die voorbladboodskap wat week na week gereeld hier by my kantoor inwals. Is daar kopiereg is op daardie boodskappe? Van ons ouer lidmate kan nie met e-pos werk nie, nou staan hulle week vir week tou om hierdie voorblad te lees. Ek sou graag die hele *e-Hervormer* vir elkeen wat kom vra gee, maar die drukkoste loop dan hoog as ek hier by die 40 tot 50 nuusbriewe wil druk."

Hettie Roos, Wonderfontein

(Dankie vir jou ondersteuning, Hettie. Ons sal maar te bly wees as jy ons voorbladtekste – en sommer die hele *e-Hervormer* – verder versprei!)

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Wat anders kan ek, 'n kranklike ou man,
doen behalwe om 'n loflied tot eer van God te sing?
Was ek 'n nagtegaal, sou ek soos 'n nagtegaal maak.
Was ek 'n swaan, sou ek soos 'n swaan maak.
Maar nou is ek 'n rasionele wese, en ek moet God prys.
Dit is my opdrag, en ek doen dit.
En ek sal nie my pos verlaat nie vir solank ek dit mag behou.
Ek moedig jou aan om saam met my dié lied te sing.
(Epictetus, Griekse stoïsyn, gebore 60 nC)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx